



Laerskool Simon van der Stel

DINK NUUT!

Geagte Ouers

OMSENDBRIEF 12/2017

19 April 2017

ALGEMEEN

Hartlik welkom terug aan elkeen van u en sterkte met die kwartaal se verpligtinge.

Ons wag nog op sekere datums van buite en sal die kwartaalprogram so spoedig moontlik aan u stuur.

Mev. E. Tobin keer voorlopig eers aan die begin van volgende kwartaal terug en mev. M. Meyer neem tans nog waar in haar plek. Welkom aan mnr. S. le Roux wat vir die eerste vier weke van die kwartaal waarnem in die plek van mnr. S. Brandt, wat tans herstel na 'n operasie.

Vind aangeheg die sportrooster asook 'n herinnering aan die Pretloopreëlings van eerskomende Vrydag.

PRETLOOP: VRYDAG, 21 APRIL 2017

Let asseblief op die volgende finale reëlings ten opsigte van die pretloop wat op Vrydag 21 April in Wynberg Militêre Basis plaasvind:

- 08:00 - Register word in klasse geneem.
- 08:30 - Klasse beweeg na ry en daarvan-aan na die hoofhek. Almal beweeg in klas-groepe oor na die Oval (Militêre Polisie help by verkeersligte).
- 09:00 - Bekendstelling van temas vind plaas. (Elke klas kies vooraf 'n tema).
- 09:30 - Pretloop begin in klasgroepe.
- 11:00 - Stap terug skool toe.
- 11:30 - Kospakkies word uitgedeel.
- 12:00 - Terug na klasse.
- Klasse verdaag volgens normale tye.
- Kinders moet met gemaklike stapklere en -skoene skool toe kom.
- Bring eie waterbottels vol water, sonskerm en pette.
- 'n Voertuig met mediese personeel gaan die hele tyd die roetes ry om hulp te verskaf indien nodig.
- U is baie welkom om die dag se verrigtinge saam met ons te kom geniet - ons gaan rustig stap en ontspan! Kontak u klassonderwyser t.o.v. u deelname.
- **Kom voorbereid ten spyte van die weer. Ons sal dieoggend 'n finale besluit neem. Bring maar jou tas saam skool toe, alhoewel goeie weer voorspel is.**

Baie dankie aan elkeen van u vir die hulp met die borglyste en aan die volgende personele en instances wat hulp verleen:


- Die personeel en die koördineerder, mev.. L. Hefer.
- Mev. M. Faes vir medies.
- Mev. J. Hattingh vir vervoer.
- Mev. A. Olivier vir die kospakkies.
- Die Militêre Polisie en die sportkantoor.
- Al die kinders en ouers vir die entoesiasme!
- Mevv. B. Reynard, E. Barnard en L. Voigt en me. E. Ackermann vir die goeie pryse wat gewen kan word.

Die borglyste en geld moet op die laatste teen 5 MEI ingehandig word.

Die aansporingspryse is aangeheg.

Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning waaronder ons beslis nie hierdie projek sou kon aanpak nie.

Vriendelike groete



E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF